Ds. PJ Kriel 11.03.2024

Inhoud Hierdie preek wys hoe die godsdienstige raad van die Jode die moord van Jesus moord beplan, georganiseer en uitgevoer het omdat Hy die offerkultus afgeskaf het en alle magsposisies van die offerkultus beëindig het. Dit wys hoe geestelikes vandag die karaktermoord van Jesus Christus pleeg om hulle offerkultus en geestelike magsposisies binne hulle offerkultus binne die kerk van die Here te kan behou.

Skriflesing Matteus 21: 12, 13; 22: 41 – 45; 23: 1,2, 6 – 13; 26: 1 – 5.

Teks Mat. 26: 2 b. “ die Pasga oor twee dae plaasvind en dat die Seun van die mens oorgelewer gaan word om gekruisig te word.

Tema Christus skep aanbidding uit liefde sonder skuld en vrees.

1. Omdat ons die Here se bedoeling en beplanning van sy eie dood ken en glo, mis ons baie keer dat die Joodse Raad Jesus se moord beplan en georganiseer het. Die Here se bedoeling en beplanning was om vir ons die Paaslam te wees wat die offer vir ons sondes is.

Die Joodse Raad se bedoeling word so verwoord: “In daardie tyd het die leierpriesters en familiehoofde van die volk in die ampswoning van die hoëpriester met die naam Kajafas vergader. Hulle het saam planne beraam om Jesus op ‘n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. Hulle het egter gesê: “ nie tydens die fees nie sodat daar nie ‘n oproer onder die volk ontstaan nie.” (Mat. 26: 3,4)

Wat noem ‘n mens dit?

Wanneer ‘n godsdienstige raad in ‘n amptelike raadsvergadering beplan en organiseer om iemand op ‘n slinkse manier te vang en dood te maak? Dit is ‘n godsdienstig beplande en georganiseerde moord deur godsdienstige leiers wat in hulle amp moordenaars geword het.

Vir ons gevoel is dit vreemd.

Dit is egter presies wat dieselfde Joodse Raad met Paulus probeer doen het in Hand. 23: 12 – 22. Onder die dekmantel van ‘n teologiese debat en kerklike dissipline het hulle Paulus se moord beplan en georganiseer. In die kerkgeskiedenis het die Pous en kardinale Raad van die Rooms Katolieke Kerk dit met Johannes Hus gedoen in 1415. Onder die dekmantel van teologiese besprekings en kerkdissipline het hulle hom na Rome laat kom en toe gevang en verbrand. Hulle het hom vermoor. En hulle wou in 1520 dieselfde met Martin Luther gedoen het.

Die Bybel wys ons wat die Joodse Raad gedryf het om in hulle godsdienstige amp en hoedanigheid moordenaars te word. Dit was wat die Here vandat Hy met die donkie Sondag voor Paasfees in Jerusalem ingery het tot die Woensdag voor Paasfees gedoen het. Jesus se optrede in hierdie 4 dae het hulle moordenaars gemaak en tot moord gedryf.

2. Daar is twee groot redes waarmee die Here die Joodse Raad tot moord dryf: sy optrede in die tempel en die nuwe mag wat Hy skep. Al twee hierdie sake gaan oor die nuwe wyse waarop Christus aanbidding skep.

Die eerste wys die Here in die tempel op die Sondag voor Paasfees net na Hy van sy donkie afgeklim het. Hy gooi die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers om. Met hierdie gewelddadige ontwrigting gee die Here 'n handelende teken dat Hy die offers en tempeldiens afskaf. Hy maak nie die tempel mooi reg nie. Hy bring met sy liggaam as die enigste en laaste offer vir alle sondes alle offers in die tempel tot 'n einde. So skep Christus offerlose aanbidding. Aanbidding van God uit liefde, sonder enige sondeskuld, sondestraf en sondeoffers.

Met sy offer verander die Here Jesus Christus die Jode se roofaanbidding na ware aanbidding van God. Die roofaanbidding was om met eie offers vir sondes die aanbidding van God te kaap en van aanbidding 'n besigheid te maak: in aanbidding gee jy vir God wat Hy nodig het en gee God wat jy nodig het.

Die tweede rede waarmee die Here die Joodse Raad tot moord dryf is sy verandering van mag.

Ons sien hierdie tipe moorde al meer in die politiek van SA en gaan dit nou weer in die verkiesingstyd sien: politiese beplande en georganiseerde moord. Politici beplan en organiseer die moord van hul opposisie of om hulle magsposisies te behou of om magsposisies te verkry. Moordlus gaan oor die verkry of verlies van mag.

Christus kondig die nuwe mag wat hy skep so aan: Hy wat self die offer vir alle sondes van sy kinders is gaan aan die regterhand van God sit. Die mag wat die Here hiermee afskaf is die stoel of mag van Moses, die wet van God. Christus gaan my sy mag van genade die mag van die wet van God vervang. (Rom. 7:6, Gal. 5:18) En omdat hierdie mag verander, skaf Christus alle magsposisies wat geestelikes deur die wet van God oor sy kerk gehad het, die mag van vaderfigure, leermeesters en leiers, af.

Net Hy as Here regeer sy kerk en Hy doen dit nie deur mense en God se wet nie. Hy doen dit deur sy offer en die Gees. So skep Christus die nuwe aanbidding uit liefde en skaf hy alle aanbidding deur skuld, straf en offers af.

3. Die magsposisies wat met Jesus se mag as Christus verval is die mag van mense om tussengangers tussen God en mense te wees.

Mense wat hulle self sien as geestelike vaderfigure in wie jy god se liefde en teenwoordigheid moet beleef verval. Christus alleen laat sy Vader ons vader wees. Mense wat jou geestelike leermeesters wil wees deur vir jou gedurig te wil leer wat reg en verkeerd is volgens God se wet verval. Jesus is die Christus wat alleen ons leer om nou te leef uit die liefde van God waarin net Hy ons insluit en laat deel. Mense wat jou geestelike leiers wil wees wat vir jou in God se wil, plan en doel van jou lewe wil begelei, val heeltemal in die geloof in Christus weeg. Want net Christus is ons Leier wat ons deur sy Heilige Gees lei in die heiligheid en regverdigheid wat Hy ons laat wees.

Wat Jesus as Christus en Here vir ons na sy opstanding doen, doen die Here nooit deur geestelike amptenare nie. Die Here skaf met sy mag as die Christus die hele godsdiens-amptenary tussen God en mense af.

Dit is die drif wat die Joodse godsdienstige amptenary tot die moord van Jesus dryf. Hy skaf hulle hele offer en skuldbedryf en alle poste wat met hierdie geestelikheid bedryf word, af.

Hulle gee heeltemal ‘n ander rede vir hulle moord as verskoning aan. Hulle maak Jesus uit as ‘n godsdienstige vryheidsvegter wat vir die Joodse onderdruktes teen Romeinse onderdrukkers agiteer.

Hulle probeer dit bewys met die belastingsvraagssruk binne die Joodse gemeenskap. Dit is die versoeking met die vraag: “Is dit toelaatbaar om aan die keiser belasting te betaal of nie?” (Mat. 22: 17) Jesus wys hulle dat die keiser sop kop op die muntstuk is. Sedert Judas die Galileër 6 n.C. se rebellie teen Rome was die nasionalisties-geestelike Jode se vaandel vir hulle vryheidsoorlog die beeld van die keiser op muntstukke. Die keiser wys sy goddelikheid met sy beeld op muntstukke en hulle is net knegte van God, nie knegte van die keiser nie. Jesus wys belasting aan die regering en aanbidding van God is nie ‘n of.. of nie maar belasting aan die keiser en aanbidding van God. Jesus was nooit ‘n vryheidsvegter vir menseregte nie.

4. Die Joodse Raad het in twee hofsake probeer om Jesus Christus aan te kla en skuldig te bevind as ‘n anargis. In die eerste godsdienstige verhoor het hulle beweer Hy bedreig die godsdiens omdat Hy die aanbidding van god wil omvergooi In die tweede geregtelike verhoor voor Pontius Pilatus het hulle beweer sy aanbidding van God gaan die regering omvergooi.

In die godsdienstige verhoor voor Kajafas die hoëpriester kon die Joodse Raad nie hulle aanklag dat Jesus Christus ‘n godsdienstige anargis is bewys nie. (Mat. 26: 59,60) Jesus het vir hulle in hulle ondersoek die rede gegee om Hom te vermoor en dit was nie dat Hy ‘n vryheidsvegter was nie.

Nog minder kon hulle hul aanklag dat die Here ‘n rewolusionêr was in die hof voor Pontius Pilatus bewys. Pilatus het die Here eers na Herodus gestuur omdat Herodus die Galilea se politiek hoof was. Dit was die Herodus wat Johannes die doper ter wille van sy vrou se woede onthoof het. Herodus het nie geglo Johannes die Doper war ‘n rewolusionêr en het toe ook nie (Luk. 23: 6 – 12)Jesus as rewolusionêr skuldig bevind nie. Pilatus self het Jesus spesifiek op die aanklagte van anargie, rewolusie en die bedreiging van die owerheid met sy aanbidding onskuldig bevind. Hy het nie die Jode se rede om Jesus e vermoor geglo nie, maar deur hulle gesien.

Die ironie van die Joodse Raad is dat toe hulle nie Jesus regmatig as anargis kon veroordeel kry nie, het hulle die opstand teen die owerheid voor Pilatus begin aanvuur. (Mat. 27: 20) Die keuse wat Pilatus hulle gegee het tussen Jesus en Barabbas was juis die keuse tussen Jesus en ‘n politieke terroris. Barabbas het ‘n gewelddadige en bloedige opstand teen die romeinse owerheid gelei waarvoor hy ook in die tronk gesit het.

Deur ‘n terroris se vrylating te kies ontbloot die Joodse Raad hulle verskoning dat Jesus die terroris sou wees vir die regte redes waarvoor hulle Hom vermoor – Hy het hulle aanbidding bedreig met sy nuwe offerlose en tussengangerlose aanbidding van God uit liefde en nie uit vrees vir straf nie.

5. Hoe word Jesus Christus vandag vermoor – in geestelikes se amptelike raadsvergaderinge – beplan en georganiseer?

Vandag word dit met karaktermoord in sulke raadsbyeenkomste gedoen. Die Here het self in die Bergrede gewys dat karaktermoord volgens God se wet moord is: “julle het gehoor dat aan die voorouers gesê is ’Jy mag nie moord pleeg nie’, en wie moord pleeg is strafbaar voor die reg.’ Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat kwaad is vir sy broer, strafbaar voor die reg is. En wie vir sy broer sê, ‘Raka!’, is strafbaar voor die Sanhedrin.  En wie sê, ‘Jou dwaas’, is strafbaar in Gehenna met sy vuur.” (Mat. 5: 21,22)

Hulle vermoor Christus se karakter so! “Jesus het nie as mens na liggaam en siel uit die dood uit opgestaan nie. Hy is vandag nie ‘n mens in die hemel nie. Hy is ‘n lyk gewees en het vergaan en is vandag ‘n liggaamlose siel, ‘n goddelike gees of ‘n engel.”

Wat doen jy as jy van ‘n lewende mens die gerug versprei hy is ‘n lyk, ‘n gees of ‘n engel? Dit is karaktermoord!

Hoekom? Hoekom sal hulle wat hulself christelik voorhou in sulke raadsvergaderings die Here se karakter vermoor – doelbewus en georganiseerd met kerklike ampte en gesag?

Want die lewende Here Jesus Christus skep ‘n skuldlose, offerlose aanbidding waar niemand weer die pos kan vul van ‘n spirituele vaderfiguur, spirituele leermeester of ‘n spirituele leier nie.

Dit is die ontdekking wat ons as gelowiges in die Here Jesus se lydenstyd moet maak – dit is nie van wee hulle wetenskaplikheid wat hulle die Here se karakter vermoor nie, maar weens die drif om die kerk weer as spirituele vader, leermeesters en leiers gelowiges terug te lei na ‘n offergodsdiens. “Julle moet julle lewe, hart, verstand en liggaam spiritueel oorgee weens julle skuld voor God.”

Ons leef vry van hierdie spirituele ervarings van skuld en oorgawe, van spirituele tussengangers tussen ons en God want Jesus Christus laat ons God skuldloos, offerloos en vreesloos aanbid net in en uit liefde.